Week 6 Wiskunde – Graad R

Ons doen hierdie week lekker hersiening van alles sodat wanneer julle terug is by die skool, gaan Juffrou oulike speletjies en aktiwiteite met julle doen om alles wat mamma en pappa die afgelope tyd by die huis met julle gedoen het, lekker vas te lê en goed te stoor in jul breintjies.

Oefen nogsteeds daagliks asb:
Tel: 0 – 10 en terug vanaf 10 – 0;
Herken getalname en simbole van 1-6
Optelling en aftrekking tot getalgebied 6. Gebruik konkrete apparaat (doppies, blokkies ens). Leerders moet di took mondelings kan doen. Byvoorbeeld:

4 + 2 = ?
pak vier voorwerpe links en pak twee aan die regterkant. Tel dit saam en pak dan soveel voorwerpe uit vir antwoord. As jul mondelings vra, mag hul met apparaat dit doen en hul mag ook op hul vingers tel.

1	2	3
4	5	6
een	twee	drie
vier	vyf	ses

Wanneer jul terug kom skool toe, kan jul die getallelyn (groot blokkies met getalle) asook die pers en wit vel waarop getalle, getalname en dominoblokkies is, by die huis los. Op jou tafel is daar van dit wat jy kan gebruik.

Maandag, 29 Junie

Ons gaan hierdie week vir 7 aanleer.
Kyk op jou getallelyn. Ons gaan nou weer die "hamburger-speletjie" speel.

Tel vanaf 0 en stop by 7. Hou jou vinger op 7. Links van 7 is 6. Ons sê dat voor 7 kom 6 of ook dat 6 enetjie minder as 7 is. Ouers, hulle moet leer dat as ek vra: Wat is enetjie minder as 'n getal? Moet hul op daardie getal druk en entjie na links spring. Ons praat ook van wat kom net voor 'n getal?

Hou die vinger op 7.
Watter getal kom net na 7? Dit is 8. Met ander woorde, 8 is enetjie meer as 7. Onthou dat enetjie meer beteken jy moet na regs spring op getallelyn. Dit raak meer.

In jou plastieksakke is 'n werkvel van 7. Dit is 'n groot 7 met 7 appels rondom. Kom ons oefen nou om 7 te skryf. Bo van links na regs trek ons 'n reguit lyn, dan skuins af tot onder. Oefen met vingertjie. Jy kan nou die appels tel en dit inkleur? Kan jy onthou watter kleure is appels? Rooi, groen of geel. Plak nou jou groot 7 met die plakkertjies in jou koevert.

Dinsdag, 30 Junie

Vandag gaan julle die werkvel van 7 met die boompie en getalle venstertjie doen.
Ouers, in die klas gebruik ons klei/knopies/tellertjies om regte aantal "appels" op boom te sit. Daarna teken hulle die appels/lemoene. Die getal word gewoonlik geverf of met iets lekker sensories geplak (gekleure blokkies karton, filt, material ens.) en dan pak hulle die regte hoeveelheid in die venster blokkie. Dit is belangrik dat hul bo begin en van links na regs werk. Die groot getal 7 kan ook net mooi ingekleur word. Let op na 7 se naam. Ek verduidelik altyd dat hul moet sê met watter klankie begin die woord? Hoeveel letters sien hulle in die woord?

7 sal so lyk. Ons pak eers 5 bo vol en dan onder van links na regs.



Woensdag, 1 Julie

Ons oefen vandag tyd.
Elke oggend na Bybel doen ons die weerkaart. Ons vra die volgende vragies:
Watter dag is dit vandag? Watter dag was gister? Watter dag is dit more?
Watter maand is ons nou in?
Wie weet watter seisoen is ons in?
Hoe lyk die weer buite?

Donderdag, 2 Julie
Vandag doen ons die werkvel met die hondjie links bo en baie sirkels met getalle binne-in.

Wanneer hierdie hondjie al die sirkels met ‘n 7 in kan uitsnuffel en inkleur, kry sy ‘n groot been by haar oubasie of ounooi.

Vrydag, 3 Julie
Vandag kan jy bietjie rus, want volgende week is jy terug by die skool, dan werk ons weer lekker hard.